


# WEEK 1

## Kerngedagte: Volg Jesus – Ek leef soos Jesus geleef het.

Welkom by ons familiegids vir ons Volg reeks, waar ons na Jesus se lewe gaan kyk en die voorbeeld wat Hy ons kom wys het van hoe om te lewe. Ons is so opgewonde om dieselfde temas vir hierdie 6 weke in die kinderkerk te ontdek, as wat Mamma en Pappa in die kerk doen, nl. hoe ons meer en meer soos Jesus kan wees, net soos die dissipels Jesus gevolg het en by Hom geleer het! Hulle het Sy voorbeeld gevolg deur soos Hy vir mense om te gee en liefde te wys. Paulus moedig die Korintiërs aan in 1 Korintiërs 11:1: "Volg julle dan my voorbeeld, soos ek Christus s'n volg." (NLV)

Ons kan amper sê dat Jesus letterlik vir ons Sy "voetspore" gelos het in die Bybel om te volg. In hierdie week se Bybelstorie het ons gekyk na van die dissipels wat in Jesus se voetspore gevolg het nadat Jesus opgevaar het hemel toe. Jesus het gereeld verwys na die onderste-bo koninkryk van God, omdat dit so heeltemal anders, of teenoorgesteld is van wat die wêreld ons wil leer of wys.

Net soos vir die dissipels het Jesus vir ons kom wys wie ons is en hoe om te leef. Jesus was nie 'n voorbeeld vir ons nie maar VAN ons, van ons

DOXA DEO KIDS MINISTRY

oorspronklike ontwerp, gemaak in die beeld en gelykenis van God! Ons hart is dat kinders ook sal besef dat Jesus reeds alles in hulle gesit het om Hom te volg en Sy koninkyk op aarde uit te leef. Mag julle in hierdie 6 weke saam as gesin, Jesus se voetspore vind en volg.

---

# FAMILIE TYD!

---

## Aktiwiteit: Jesus voetspore Boekmerk

Benodighede:

- Voetspoor partoon afdruk op karton of papier
- Inkleurkryte
- Versierings/plakkers
- Skêr
- gom

Vir hierdie week se aktiwiteit wil ons julle as gesin uitdaag om elkeen 'n voetspoor boekmerk te maak. Druk voetspoor patroon op karton af en knip dit uit. Skryf die kenmerke van Jesus op die eenkant en hoe jy Jesus se voorbeeld gaan volg op die ander kant. Bv. Omgee, Liefde, Voorbeeld, Eerlik, Gebed, Gehoorsaam. Versier dit dan en sit jou boekmerk in jou Bybel of dagstukkie-boek.

Terwyl julle besig is met die maak van julle boekmerke, gesels oor die volgende vrae wat ook sal help met wat op jou boekmerk geskryf moet word.

- Jesus wys dat Hy omgee, hoe kan ek wys dat ek omgee by die huis/skool/werk?
- Jesus is lief vir almal, hoe kan ek Jesus se liefde by die huis/skool/werk wys?
- Jesus is betroubaar, hoe kan ek wys dat ander my kan vertrou by die huis/skool/werk?
- Jesus is 'n goeie voorbeeld, hoe kan ek 'n goeie voorbeeld wees by die huis/skool/werk?
- Jesus gee vir my alles wat ek nodig het, hoe kan ek my talente vir Jesus se Koninkryk gebruik?

# PRAAT DAAROOR

Lees die volgende vers saam en gesels dan oor die vrae:

1 Johannes 2:6 – "Ons moet dus nie net praat oor wat Hy wil hê nie. Ons moet elke dag daarvan werk maak om presies so te leef soos Jesus geleef het."

## Vragies:

1. Wat beteken dit dat ons in Jesus se beeld en gelykenis gemaak is?
2. As Jesus sê ons moet Sy voorbeeld volg, hoe dink jy lyk dit?
3. Waar leer ons meer oor Jesus se voorbeeld? Hoe kan julle as gesin, tyd maak om meer te leer oor Jesus se voorbeeld?

## Familie Gebedstyd:

Dankie Jesus dat U aarde toe gekom het om ons verhouding met God te herstel, sodat ons alles kan wees wat ons gemaak is om te wees, soos wat U kom wys het. Help ons om nie net te praat oor wat U hart vir ons is nie, maar om dit ook uit te leef elke dag. Ons is baie lief vir U. Amen.